

# Die piëtistiese egoprofiel van pioniersvrou Anna Elizabeth Steenkamp (1797-1891) in twee weergawes van haar “Joernaal” uit die Transoranje

Andries WG Raath

*Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis*

*Universiteit van die Vrystaat*

RaathA@ufs.ac.za

## *Abstract*

### **The pietistic ego-profile of the pioneer woman Anna Elizabeth Steenkamp (1797-1891) from two versions of her “Journal” from the Transorange**

Religious ego-texts of Cape Trekboers on the frontier reflect prominent traits of mystical Pietism. Similar features can also be detected in the ego-texts of both male and female believers deeper into the interior prior to and during the Great Trek. These pioneer texts reflect religious literary styles similar to the dominant pietistic literature in Germany and in the Netherlands. In addition to the influence of religious literature of German Pietism and devotional literature of Dutch Second Reformation authors, the marginalisation and isolation of believers stimulated pietistic tendencies similar to trends in seventeenth and eighteenth-century Europe. The end of the eighteenth-century witnessed the gradual demise of Pietism in Germany and supplanting of pietistic tendencies by more secular oriented chronicles, autobiographical descriptions and life adventures. In the Netherlands, however, Pietism flourished from the mid-eighteenth century and publications of pietistic ego-texts continued well into the twentieth century. The “Journal” of the Voortrekker woman Anna Steenkamp is a typical example of a family chronicle with descriptions of her life adventures during the Great Trek. Two copies of her “Journal” composed in the Transorange are analysed in order to determine her religious mentality profile as representative of Voortrekker women of the period 1838 to 1854. The first contains an attachment with religious songs and poems of a typical pietistic nature. These reflections mirror religious tendencies on the frontier at a stage when the dominant culture of similar religious texts in the Netherlands had reached its peak. The second copy contains brief reflections on her life on the frontier undergirded by typical pietistic reflections on God’s providential care. This text, composed in the Transorange, reflects a more secular inclined profile undergirded by pietistic elements from an earlier epoch in German autobiographical texts from the seventeenth- and eighteenth-century.

**Keywords:** Anna Steenkamp, Dutch Second Reformation, Ego-profile, Mysticism, Pietism, Religion, Transorange.

## Inleiding

Godsdienstige egotekste van Kaapse trekboere aan die binnelandse grense vertoon prominente trekke van mistieke piëtisme.<sup>1</sup> Soortgelyke tendense is ook naspourbaar in sowel manlike as vroulike Protestantse gelowiges se egotekste voorafgaande aan en tydens die Groot Trek dieper in die binneland.<sup>2</sup> Die piëtistiese ego-kultuur van trekboere en Voortrekkers in die agttiende en die eerste helfte van die negentiende eeu weerspieël godsdienstig-literêre style analoog tot dié van die heersende piëtistiese godsdienstkultuur in Duitsland en Nederland.<sup>3</sup> Die piëtistiese ego-kultuur in Europa en aan die Kaap spruit tot 'n groot hoogte uit 'n versetgees van die kleinburgerlike Protestantse bevolking teen marginalisering op kerklike en staatkundige terrein.<sup>4</sup> Godsdienstig gesproke was dié verset hoofsaaklik gerig teen die formalisme, rasionalisme en verwêreldliking van die amptelike kerk aan die Kaap. Daarteenoor het “kleinburgerlike piëtiste” die klem geplaas op die gevoel, die innerlike geestestoestand van die gelowige en 'n mistieke beleving van die geloof.<sup>5</sup> Voorts kan die sosiale uitwasse daarvan – soos in Duitsland – as tekens van 'n ontluikende “kleinburgerlike selfbewussyn” beskou word. Dié bewussyn het die subjektiewe, individuele en bevindelike spirituele perspektiewe beklemtoon, godsdienstige konventikels bevorder en mistieke belewenisse as normale godsdienstige praktyke gelegitimeer. Derhalwe kan die plaaslike vorme van piëtisme aan die Kaap in die loop van die agttiende en negentiende eeu getipeer word as “a religiously-inspired social and political phenomenon associated with the emergence and development of the spiritual ethos of the *petit bourgeoisie*”.<sup>6</sup>

---

1 AWG Raath, “*Petit bourgeoisie*, female piety and mystical Pietism on the South African frontier, 1760-1860”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(1), Mei 2014, p. 103.

2 AWG Raath, “Eensaam in die Voortrekkergemeenskap: Askese en geloofsbeleving in die teologie van die Voortrekkervrou Susanna Smit (1799-1863)”, *Hervormde Teologiese Studies*, 59(1), 2003, pp. 121-150; AWG Raath, “Bevinding en geestelike verlatings op die limiete. Die historiese en teologiese kontekstualisering van die pioniersvrou Hester Venter (ca 1750-1830) se “*Ondervindelijke Bekeeringsweg*”, *Hervormde Teologiese Studies*, 60(4), 2004, pp. 1449-1489.

3 AWG Raath, “Hendrina Cecilia Kruger se godsdienstige mentaliteitsprofiel in haar mistieke oordenkingsbundel ca 1750-1810 uit die trekboertyd”, *Hervormde Teologiese Studies*, 71(1), 2015 (Beskikbaar by <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i1.2652>, soos geraadpleeg op 1 Desember 2015), pp. 1-3.

4 AWG Raath, “*Petit bourgeoisie*, ...”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(1), Mei 2014, p. 103 e.v. “Kleinburgerlik” in die sin van 'n verengde en individualistiese verinnerlikte bestaan: “Das entscheidende Erlebnis des Kleinbürgers als Gefühlsgrundlage seines gesamten Geistes- und Seelenlebens ist die enge Begrenztheit seines Daseins: die geringe Möglichkeit von Erlebnissen, die ihm sein enges Leben bietet, wirft ihn ganz auf seine Innerlichkeit zurück und verführt ihn dazu, alle seine Erfahrungen in stete Beziehung zu seinem vereinzelt Dasein zu setzen”. W Mahrholz, *Deutsche Selbstbekenntnisse. Ein Beitrag zur Geschichte der Selbstbiographie von der Mystik bis zum Pietismus* (Berlyn, Furcht-Verlag, 1919), p. 3.

5 K Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1995), pp. 168-169.

6 AWG Raath, “*Petit bourgeoisie*, ...”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(1), Mei 2014, p. 100.

In die loop van die agttiende en negentiende eeu het die godsdienstige piëtisme in Europa begin taan en elemente van sekulêre ego-belewenisse bevat. Vanweë die burgerlike pioniers se afgesonderde bestaan in die binneland het piëtistiese tendense onder die pioniers langer as in die Europese lande voortgeleef. Selfs in die sestigerjare van die negentiende eeu kon Susanna Smit in tipiese piëtistiese uitdrukkingsvorme haar geestelike dagboeke opteken en in gevoelvolle verse haar ego-belewenisse in digvorm uitstort.<sup>7</sup> Alhoewel ’n biografiese werk oor Susanna Smit<sup>8</sup> die lig gesien het en verskeie kleiner publikasies haar en ander pioniers se godsdienstige gevoelslewe aangeraak het,<sup>9</sup> het navorsing oor die godsdienstige ego-bewussyn van pioniers in die pionierstydperk van die Transoranje agterweë gebly. In hierdie artikel word die godsdienstige ego-stand van die Vrystaatse pioniersvrou Anna Steenkamp (gebore Retief) (1797-1891)<sup>10</sup> aan die orde gestel, die piëtistiese inslag van haar godsdienstige bewussyn beskryf en die kleinburgerlike inslag van haar godsdienstige mentaliteitsprofiel soos in haar outobiografiese “Joernaal” vervat, ondersoek. ’n Studie van dié pioniersvrou se ego-belewenisse is bepalend vir die vraag tot welke mate pionier-ingesetenes in die Vrystaat en dieper die binneland draers van piëtistiese godsdienst-geneigdheid was en mistieke ego-belewenisse vooropgestel het.

## **Die Duitse en Nederlandse spirituele konteks van die piëtisme aan die Kaap**

Parallel tot die piëtistiese bewegings in sewentiende en agttiende eeuse Duitsland en Nederland, met die klem op mistieke oorpeinsing, vroomheid en geestelike toewyding aan Christus, weerspieël veral vroulike mistici in Suid-Afrikaanse voorpos-gemeenskappe tendense analoog aan dié van die mistiek in die dertiende en veertiende eeu in Europa. Op sy beurt het dié Middeleeuse mistieke kultuur in Duitsland en Nederland grootliks beslag aan die piëtistiese mistiek van die agttiende eeu help gee. Dié kultuur van piëtisme is deur Duitse en Nederlandse stamouers na die Kaap gebring, waar dit deur die piëtistiese godsdienstliteratuur van die tyd versterk is. Duitse liederebundels, oordenkingsliteratuur en meditasielektuur het in die

---

7 AWG Raath, “Eensaam in die Voortrekkergemeenskap...”, *Hervormde Teologiese Studies*, 59(1), 2003, p. 124 e.v.

8 K Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit...*

9 Byvoorbeeld oor verskeie pioniersvroue: K Schoeman, “Vroeë geskifte deur Suid-Afrikaanse vroue, 1749-1865”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 36, Mei 1997, pp. 24-47; AWG Raath, “*Petit bourgeoisie* ...”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(1), Mei 2014, pp. 95-116.

10 VPAB, Genealogiese verwysing: b4c7d1e1.

Kaapse gemeenskap gesirkuleer.<sup>11</sup> Veral die Lutherse liedereboek *Geistlicher Liederschatz. Sammlung der vorzüglichsten geistlichen Lieder für Kirche, Schule und Haus und alle Lebensverhältnisse*,<sup>12</sup> het liedere van verskeie piëtistiese outeurs bevat: Gottfried Arnold (1665-1714), Johann Albrecht Bengel (1687-1752), Paul Gerhardt (1606/1607-1676), Johann Heermann (1585-1647), Valerius Herberger (1562-1627), Friedrich Adolph Lampe (1683-1729), Johann Kaspar Lavater (1741-1801), Philipp Nicolae (1556-1608), Philipp Jacob Spener (1635-1705) en Nikolaus Ludwig von Zinzendorf (1700-1760).<sup>13</sup> Van dié liedere, soos Nicolae se *Wie schön leuchtet der Morgenstern* (gebaseer op Openbaring 22:16 & 17), het in tropologiese Hoogliedmetafore die verhouding tussen Christus en die gelowige siel beskryf.<sup>14</sup> Nadere Reformasie lektuur van invloedryke outeurs in die vorm van preekbundels, oordenkingsboeke en kategismushandleidings het in meeste plattelandse huishoudings voorgekom: Hieronymus Simons van Alphen (1665-1742),<sup>15</sup> Hieronymus van Alphen (1700-1758),<sup>16</sup> Theodorus Antonides (1647-1715),<sup>17</sup> Gualtherus Bo(u)daan (1637-1684),<sup>18</sup> Theodorus (Gerardi) à Brakel (1608-1669),<sup>19</sup> Wilhelmus à Brakel (1635-1711),<sup>20</sup> Alexander Comrie (1706-1774)<sup>21</sup> en Henricus Groenewegen (1640-1692).<sup>22</sup>

Bykomend tot die invloed van oordenkingsliteratuur van Duitse piëtiste en godsdienstige tekste van die Nadere Reformasie, het die marginalisering en isolasie van vroulike gelowiges aan die grense van die Suid-Afrikaanse binneland

---

11 K Schoeman, *J.J. Kircherer en die vroeë sending, 1799-1806* (Kaapstad, Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1996), pp. 12, 17, 39.

12 Berlyn, Samuel Elsner, verskeie drukke tot 1840.

13 G Arnold: "So fuhrst du doch recht selig, Herr" (lied 69); JA Bengel: "Es ist nicht schwer, ein Christ zu seyn ..." (lied 755); P Gerhardt: "Sollt' ich meinem Gott nicht singen?" (lied 47); J Heermann: "Ach Jesu! Denem Treu' im Himmel und auf Erden ..." (lied 81); V Herberger: "Balet will ich dir geben, du arge, falsche Welt!" (lied 1502); FA Lampe: "Mein fels hat überwunden der Hölle ganzes Heer, ..." (lied 311); JK Lavater: "Gott, deine güte ber' ich an!" (lied 18); P Nicolae: "Wie schön leucht' uns der Morgenstern, ..." (Lied 829); PJ Spener: "Es sey, Herr, deine Gütigkeit ..." (lied 16); NL von Zinzendorf: "Du gabst uns ein Herz ..." (lied 373).

14 Van Nicolae se invloedryke *Freudenspiegel des ewigen Lebens* (1599 en 1604) is vier liedere in die Lutherse Gesangebundel opgeneem.

15 HS van Alphen, *Allerkortste schets der chr. Godtgeleertheit* (Zwolle, JC Royaards, 1748).

16 HS van Alphen, *De Voorseggingen vd Heere Jesus Christus aang. de verwoesting van Jerusalem* (Amsterdam, Tobias van Dessel, 1735).

17 T Antonides, *Bedenkingen... Van 't boek Jobs* (Leeuwarden, Gerardus Hoogslag, 1697).

18 G Bo(u)daan, *Ken-teekenen van den staet, en der nature en der genade; benevens een dank-predicatie, gedaen in d'Oude Kerck tot Amsterdam den 2 Jan. 1678, zijnde doenmaels hondert jaren tsedert de Reformatie alhier* (Amsterdam, Aert Wolgryn, 1684).

19 TG à Brakel, *Eenige Christelijcke meditatie ende danksegginge, om 's nagts, 's morgen, 's middags en 's avonds te gebruiken* (Amsterdam, Baltus de Wild, 1652).

20 W à Brakel, *Logikè latreia di redelijke godsdienst* ('s Gravenhage, C van Dyck, 1700).

21 A Comrie, *Het abc des geloofs, of verhandeling van de benamingen des saligmakenden geloofs* (Leiden, Johannes Hasebroek, 1739).

22 H Groenewegen, *Hemelsch bruylofts-feest ofte het geestelik huwelik Christi* (Delft, Arnold Bon, 1670).

tendense opgewek soortgelyk aan dié van die sewentiende en agttiende eeu in Duitsland en Nederland: ’n Mistiek-bevindelike geesteshouding met die meegaande sensitiwiteit vir drome, vóórkennis en visioene was deel van die normale lewenswyse van die afgesonderde gereformeerde pioniers.<sup>23</sup>

By die opbloeï van die piëtistiese godsdienstkultuur sedert 1500 in Duitsland kan ’n geleidelike oorgang vanaf dit wat Mahrholz noem ’n “grootburgerlike bewussyn” na ’n “kleinburgerlike ego-kultuur” onderskei word.<sup>24</sup> Die neerslag daarvan aan die Kaap is deur soortgelyke mistieke tendense wat in die godsdienlitteratuur van die Nadere Reformasie aan die Kaap gebruik is, versterk. Daar sou dus van ’n Europese “Protestantse piëtisme” sprake wees wat in die agttiende en negentiende eeu aan die Kaap en die voorposgemeenskappe prominent na vore gekom het. Op ’t Hof beskryf die karakter van dié Europese piëtisme as ’n vertakking van die Protestantse godsdienstkultuur:<sup>25</sup>

... de stroming binnen het gereformeerde Protestantisme die, zich tegen algemeen verbreide wantoestanden en misvattingen kerend, met profetiese bezieling zowel aandrong op de innerlijke beleving van de gereformeerde leer en de persoonlijke levensheiliging als – harmonisch hiermee verbonden – ijverde voor de radicale heiliging van alle levensgebieden.

Dit doen nie afbreuk aan die verskille wat dié twee vorme van piëtisme vertoon het nie. Anders as die Nederlandse piëtisme van die Nadere Reformasie het die Duitse mistieke piëtisme byvoorbeeld nie die klem op die belydenisskrifte geplaas nie, maar op die mistieke eenwording met God. Voorts het die Lutherse piëtisme sterker trekke van ekstasiese godsdienstebeleving as die gereformeerde piëtisme vertoon.

Die opbloeï van ’n plaaslike kultuur van kleinburgerlike piëtisme op die voorposte het veral neerslag gevind in ’n sterk neiging tot innerlike geloofsbeleving, beklemtoning van ’n vroom lewenswandel en asketiese neigings.<sup>26</sup> Dié “plaaslike” vorm van vroomheidsteologie is deur vroue soos Hendrina Cecilia Kruger (gebore 1744) en Susanna Smit (1799-1863) oor die destydse grense van die Kaapkolonie geneem;<sup>27</sup> en dus ook na die Transoranje (later genoem Oranje-Vrystaat).

23 AWG Raath, “*Petit bourgeoisie ...*”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 40(1), Mei 2014, p. 100 e.v.

24 W Mahrholz, *Deutsche Selbstenntnisse...*, p. 143.

25 WJ Op’t Hof, *Engelse piëtistiese geskriften in het Nederlands, 1589-1622* (Rotterdam, Lindenberg, 1987), p. 24; C Graafland, “De invloed van het Puritanisme op het ontstaan van het Gereformerd Piëtisme in Nederland”, *Documentatieblad Nadere Reformatie*, 7, 1983, p. 19.

26 K Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit...*, p. 175; AWG Raath, “Eensaam in die Voortrekkergemeenskap...”, *Hervormde Teologiese Studies*, 59(1), 2003, p. 124 e.v.; AWG Raath, “*Petit bourgeoisie...*”, p. 96.

27 C Landman, “Calvinism and South African women: a short historical overview”, *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 35(2), Oktober 2009, pp. 89-102; K Schoeman, *Dogter van Sion. Machtelt Smit en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, 1749-1799* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2009), pp. 124-146.

## **Die transformasie van kleinburgerlike godsdienstelewenisse, outobiografiese tekste en piëtisme in die Duitse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse egotekskultuur, agttiende-negentiende eeu**

### ***Piëtistiese ego-belewenisse in die Duitse en Nederlandse literatuur***

Die godsdienstelewenis van die trekboere van die agttiende eeu en die Voortrekkers van die eerste helfte van die negentiende eeu vertoon tendense van 'n samehangende geheel van voorstellings, oortuigings, norme en waardes wat kenmerkend is van 'n spesifieke groep mense in 'n bepaalde tyd en milieu – dit wat Frijhoff die godsdienstige mentaliteit van 'n redelik homogene groep noem.<sup>28</sup> Dieselfde oriëntasie het in die Duitse godsdienststradisie tot bepaalde tendense gelei wat in die milieu waarbinne individue uiting aan hul ego-bewussyn gegee het, na vore gekom het. Volgens Niggel het Duitse outobiografiese tekste in die eerste helfte van die agttiende eeu – hoewel dit steeds die invloed van Middeleeuse en Reformatoriese spiritualiteit vertoon het – 'n unieke piëtistiese karakter gedra: 'n sterk wil tot selfprojeksie en 'n geneigdheid tot ego-uitdrukking wat op verskeie wyses verbreed, omvorm, met mekaar vermeng en geleidelik in 'n eiesoortige literêre genre tot uiting gekom het.<sup>29</sup> Dié tendense sou uiteindelik in die individualistiese egotekskultuur van outobiografiese tekste uitmond. Die ontwikkeling van ego-uitdrukkingsvorme vertoon egter 'n kaleidoskoop van verskillende ego-genres wat mettertyd 'n geneigdheid tot sekularisasie weerspieël.

By die ontplooiing van die godsdienstige ego-kultuur in die Duitse literatuur van die agttiende eeu, onderskei Niggel bepaalde fases wat die tendens tot verdiepende sekularisasie vertoon.<sup>30</sup> In die eerste helfte van die agttiende eeu geniet outobiografiese egotekste, deurspek van godsdienstige belydenisse, duidelike voorrang. Dit was die bloeityd van die Duitse piëtisme met 'n sterk afwysing van die formeel dogmatiese, die klem op die individu se direkte verhouding tot God, die gevoelvolle belewenis van gemoedskragte en asketiese vroomheid. Dié ego-kultuur mond uit in 'n literêre genre van geestelike dagboeke en oordenkingsbundels. Die literêre werk van sowel Philipp Jacob Spener (1635-1705), grondlegger van die Duitse piëtisme, as sy leerling August Hermann Francke (1663-1727), sou tot hierdie genre gereken kon word. Spener se *Eigenhändig aufgesetzter Lebens-lauff* (1683/1686) resorteer

28 WThM Frijhoff, "French connection: Mentaliteitsgeschiedenis als cultuurstrijd", D Monica *et al*, *Geschiedenis, psychologie, mentaliteit: Negen discussiebijdragen* (Amsterdam, Uitgeverij Skript, 1982), pp. 21-44.

29 G Niggel, *Geschichte der deutschen autobiographie im 18. Jahrhundert* (Stuttgart, JB Metzler, 1977), p. 3.

30 G Niggel, *Geschichte der deutschen autobiographie im 18...*, p. 6 en verder.



oorwegend binne die kaders van dié literatuurstyl: 'n analitiese uiteensetting van sy studie- en beroepsloopbaan wat aan God se voorbeskikking toegeskryf word. Francke se ego-beskrywings neem hoofsaaklik die vorm aan van 'n outobiografiese bekeringsgeskiedenis – tendense wat in Johann Heinrich Reitz (1665-1720) se *Historie der Wiedergeburt* (1701, 1717) tot 'n klimaks gevoer word. Johann Georg Hamann (1730-1788) se *Gedanken über meinen Lebenslauf* (1758) voeg Spener en Francke se style tot 'n betekenisvolle balans, oftewel hipotaktiese eenheid, van wêreldse en geestelike gebeure saam.

Ook vroue-gelowiges soos Johanna Eleonora Petersen (1644-1724) (gebore te Merlau) gee op soortgelyke wyse aan sowel die wêreldlike as die geestelike aspekte uitdrukking. In haar *Kurtzen Erzählung / Wie mich die leitende Hand Gottes bissher geführt / und was sie bei meine Seelen gethan hat* (1689, 1719) beskryf sy in aanskoulike stappe die geleidelike afkeer vir die wêreld en haar weg na Christus. Die toenemende fokus op die sekulêre is egter duideliker te bespeur in haar eggenoot Johann Wilhelm Petersen (1649-1727) se *Lebensbeschreibung* (1719).

Die toenemende klem op sekulêre historiografiese egotekste met piëtistiese mentaliteitsprofiel inspireer Johann Christian Edelmann (1698-1767) se *Von ihm selbst aufgesetzter Lebenslauf, 1749-1753* (1849). Edelmann se outobiografie staan nog grootliks binne die apologetiese godsdienstradisie. Spoedig egter sou dié outobiografiese ego-beskrywings sterk neigings tot die neerpen van familie-kronieke vertoon. Historiese gebeurtenisse en belewenisse word te boek gestel bloot vanweë die interessante en gedenkwaardige aard daarvan sonder om op die oorsaaklikheidsverband van insidente te fokus, terwyl godsdienstige aspekte na die agtergrond geskuif word. Die klem is nie meer op die individuele ego of God gerig nie, maar is in die wêreld gesentreer. Friedrich Lucae (1644-1708) se *Eigentliche Lebens- und Todeschichte* (ca 1696-1708), Barthold Heinrich Brocke (1680-1747) se *Lebens-Beschreibung* (1724-1735) en Jacob Friederich Reimann (1668-1743) se *Lebens-Beschreibung oder historische Nachricht von Sich Selbst* (1735) is tipiese voorbeelde van dié literêre genre. Lucae skryf nie vir die publiek nie, maar vir sy eie familie. Brocke se werk is 'n voorbeeld van 'n teks wat as private kroniek oorwegend die motief van dankbaarheid jeens God vir uitredding uit gevaarvolle situasies tot raamwerk het. Die beeld van goddelike hulp en uitredding vorm die basis van Brocke se selfkarakterisering en die beskrywing van sy persoonlike ervaringswêreld. Op dieselfde trant is Reimann se *Historische Nachricht* sowel vir sy vriende as sy eie familie bedoel.

By die aanvang van die negentiende eeu word die huis- en familie-kronieke toenemend met avontuurlike lewensbeskrywings en reis-outobiografieë vervang. Selfs tekste wat etlike eeue tevore geskryf is word opgediep en gepubliseer. Christoff von Thein (1453-ca 1520) se *Selbstbiographie* (geskryf 1516, geredigeer 1861 en 1863), Johann Dietz (1665-1738) se *Mein Lebenslauf* (ca 1735) en Dubislav Gneomar von Natzmer (1654-1739) se *Lebenslauf, von ihm selbst aufgesetzt* (1722 met 'n slotwoord bygevoeg in 1730, geredigeer 1881) is tipiese voorbeelde daarvan. Die Duitse piëtistiese outobiografieë het dus mettertyd 'n neiging tot sekularisasie ondergaan en slaan 'n brug na die literatuur van die Verligting en Romantiek.<sup>31</sup>

Anders as by die Duitse piëtisme, ondergaan Nederlandse gereformeerde piëtisme sowel 'n verbredende as 'n verdiepende ontwikkeling. In Nederland beleef die piëtistiese ego-kultuur binne die kaders van die Nadere Reformasie 'n merkbare opbloeï. In die agttiende eeu kom die Nederlandse volkspiëtisme veral na vore in die konventikelwese, bestaande uit plaaslike geselskappe van vromes wat in 'n intieme verband hul geloof beoefen en persoonlike bekeringsverhale versprei het.<sup>32</sup> Verreweg die meeste piëtistiese ego-dokumente aanskou die lig in die negentiende en die eerste dekades van die twintigste eeu. Omstreeks 1840 – die tyd van die Afskeiding – herleef die aktualiteit van en die belangstelling in die ou gereformeerde teologie en vroomheidskultuur, sodat die vraag na geskrifte uit hierdie tradisie toeneem.<sup>33</sup>

Dié Nederlandse gereformeerde piëtisme het ook neerslag in Kaapse kringe gevind. Tydens 'n besoek van ds. Michiel Christiaan Vos (1759-1826) in 1781 aan Doesburg, in Nederland, ontmoet hy die skrywer van 'n populêre piëtistiese werk, Hermanus Hermsen (1696-1786),<sup>34</sup> van wie hy twee jaar tevore 'n eksemplaar aan die Kaap gelees het. Vos getuig oor Hermsen se opgetoë reaksie by aanhoor daarvan:<sup>35</sup>

*Deze grijsaard, van mij hoorende dat zijn boekje ook op de Kaap gevonden en aldaar van velen met stichting gelezen werd, werd zoo opgetogen van blijdschap, dat hij in ons gezelschap opstond, en zijne God eene regt hartelijke dankzegging daarvoor toebragt, bevelende zijn gering werkje aan den goddelijken zegen aan.*

31 F van Lieburg, *Levens van vromen. Gereformeerd piëtisme in de achttiende eeuw* (Kampen, Uitgeverij De Groot Goudriaan, 1991), p. 201.

32 F van Lieburg, *Levens van vromen...*, p. 16.

33 F van Lieburg, *Levens van vromen...*, p. 22.

34 H Hermsen, *De uitnemende kracht van Christus liefde...*

35 MC Vos, *Merkwaardig verhaal* (Kaapstad, HAUM, 1911), p. 38.



Die bekendste Nederlandse piëtistiese outobiografieë van gereformeerde predikante uit die agttiende eeu is dié van Henricus Eyssonius (oorlede 1751), *De gemetamorphoseerde predikant, of zijn wonderlike bekeering* (1711) en Alexander Georgeus Lentfrink (oorlede 1779), *De groote wonderen der genade*. Piëtistiese egotekste het egter ook oor 'n wye spektrum van die “lekebevolking” voorgekom. Geesjen Pamans (1727-1821) se *Egt verhaal van geestelike bevindingen, uit een sterken gemoeds aandrang, om te vertellen wat de Here aan de ziele gedaan heeft* (1775); Cornelis de Korte (1733-1798) se *Brief van Cornelis de Korte* (1781) en Johannes Wassenaar (1698-1767) se *Eenen wandelaar naar den heemel, of het heilig leeven en zalig sterven* (1770) is verteenwoordigend van enkele agttiende-eeuse uitgawes van piëtistiese outobiografieë.

Die populariteit van piëtistiese bekeringsverhale het selfs tot in die eerste helfte van die twintigste eeu herdrukke van godsdienstige egotekste opgelewer. Onder die titel *De hând des Heeren. Eenige bekeeringsverhalen en oudere geschiedenissen*, onder redaksie van die “Vriend van oud en jong”, verskyn die lewensgetuïenisse van Bernardus Moorrees, Maria Schenk, Barendje van Asperen, Robert Flockhardt en Arnoud Dirksz in 1925.<sup>36</sup> Moorrees getuig van Geesje Pamans se invloed op sy geestelike stand.<sup>37</sup>

Deze vrouw, hoewel gering en arm naar de wereld, was een van de verst-gevorderde vromen, die ik ooit in mijn leven ontmoet heb. Zij bezat den verhevensten adeldom, want zij was in hooge mate rijk in God. Ofschoon zij eerst na hare bekeering had leeren lezen en schrijven, was zij zóóver gevorderd in de wetenschap der heiligen, welke in de school van Jezus geleerd wordt, dat zij drie boeken heeft kunnen schrijven ... welke niet slechts bij de vromen in het graafschap Bentheim hoog gewaardeerd werden, maar ook in ons vaderland en in onderscheidene deelen van Duitschland. In het graafschap was zij zóó geacht, dat de naam van Geesje Pamans door de geheele streek weêrklonk en zij de vraagbaak van ieder was, die over zijne zielsbelangen zich bekommer of gevoelde.

## **Godsdienstige egotekste en kleinburgerlike piëtisme in die pioniersliteratuur van die Suid-Afrikaanse binneland**

Die Nederlandse verversingspos aan die Kaap ervaar by die aanvang van die agttiende eeu die piëtistiese opbloeï in Duitsland en die opkoms van die

<sup>36</sup> By JJ Groen & Zoon.

<sup>37</sup> Vriend van oud en jong (pseud), *De hand des Heeren. Eenige bekeeringsverhalen en andere geschiedenissen* (Leiden, JJ Groen en Zoon, 1925), p. 41.

Nadere Reformasie in Nederland. Daar is aanduidings dat piëtistiese liedere en digwerk reeds op dié stadium aansienlik veld aan die Kaap gewen het. Fouché merk op dat die liedere wat deur vroue tydens 'n besoek aan Adam Tas (1668-1722) op 12 Desember 1705 gesing is, waarskynlik digterlike gesange uit Willem Sluiter (1627-1673) se godsdienstige beleweniswerk *Zomer en winter leven* was – 'n bundel stigtelike liedere wat vir bykans twee eeue populêre lees- en oordenkingstof onder Kapenaars en binnelandse pioniers was.<sup>38</sup> Dié opbloeï van 'n sterk piëtistiese kultuur aan die Kaap mond mettertyd uit in 'n ego-kultuur van subjektiewe geloofsbelewensisse, asketiese geneigdhede en 'n vroomheidskultuur met Christosentriese toespelinge.<sup>39</sup> Susanna Bosman (gebore 1710) is 'n tipiese vroeë eksponent van die piëtistiese ego-kultuur aan die Kaap. Sy handhaaf 'n omvattende korrespondensie met ds. Theodorus van der Groe (1705-1784), 'n Nadere Reformasie-prediker van Kralingen, Nederland.<sup>40</sup> Haar suster Elizabeth (gebore 1720) se egoteks “De laatste Woorden van Wijlen den heer Hermanus Lambertus Bosman, Stamvader van al de Bosmans in Zuid-Afrika geboren, beschreven door Zijn Eds. dogter, Elizabeth Bosman, zuster van Mejufv. Susanna Bosman, Wedewe de Vries, wier brieven aan den Wel. Eerw. Theodorus van der Groe, in leven Dienaar der gemeente van Jezus Christus te Kralingen, als aanhangsel bijgevoegd zijn”, is eweneens 'n tipiese piëtistiese teks in die styl van die klassieke ego-literatuur van die vroeë agttiende eeu.<sup>41</sup> Die geneigdheid tot optekening van sterfbedoorpeinsinge kulmineer in Elizabeth se godsdienstige hunkering dat haar vader se nagedagtenis tot stigting vir sy nakomelinge mag dien. Benewens subjektiewe godsdienstige belewensisse, bevat haar skryfwerk ook elemente van 'n familie-kroniek.<sup>42</sup>

De gedagtenisse des regveerdigen zal tot zegeningen zijn. Hierom werd ik gedrongen de laatste woorden op te skrijven van mijn waarde en nu zalige

38 L Fouché (red.), *The diary of Adam Tas 1705-1706* (Kaapstad, Van Riebeeck-Vereeniging, 1970), p. 118. Die Eybergse predikant Willem Sluiter se bundel *Zomer en winter leven* en ander gesange was toe reeds bekend aan die Kaap. J D' Outrein se bevindelike werk *Korte schets der Goddelijke waarheyd* (Amsterdam, 1700) en Sluiter se *Gezangen* (Amsterdam, 1710) het in Tas se boekery voorgekom. Tas en sy gesin het andersins ook Nadere Reformasie-literatuur gelees. Kyk bv K Schoeman, *Armosyn van die Kaap. Die wêreld van 'n slavin, 1652-1733* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001), pp. 379-380. Vir die populariteit van dié tipe literatuur onder pioniers, kyk K Schoeman, *Die Bosmans van Drakenstein 1705-1842* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2010), p. 265 e.v.

39 Oor die tydperk vóór 1806 aan die Kaap merk Celestine Pretorius op: “Dit is opvallend dat die meeste van hulle (ou Kaapse liedeboeke) aan jongmeisies en vroue behoort het. Dit kom voor of die Piëtisme veral op die vroue 'n groot invloed gehad het, want talle godsdienstige geskifte deur vroue het in hierdie jare ontstaan”. JC Pretorius, *Al laggende en pratende. Kaapse vroue in die 17de en 18de eeu* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1998), p. 67.

40 K Schoeman, *Twee Kaapse lewens. Henricus en Aletta Beck en die samelewing van hul tyd, 1702-1755* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2013), pp. 410-411, 448.

41 JC Pretorius, “Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806” (D.Phil, UP, 1977), pp. 290-291.

42 JC Pretorius, “Die Afrikanervrou as kultuurdraer...” (D.Phil, UP, 1977), p. 291; K Schoeman, *Die Bosmans van Drakenstein...*, p. 265 e.v.

vader, Hermanus Lambertus Bosman op zijn dood bed uijtgesprooken, wenschde dat de selve strekken mag tot eene nuttige nagedagtenisse zyner kindskenderen, die haare grootvader nooit met onderscheidinge gekend heeft, ...

Ongeveer dieselfde tyd bevind Hendrina Cecilia Kruger (gebore 1744) haar in die geleedere van die Kaapse trekboere dieper in die binneland. In haar godsdienstige oordenkingsbundel gee sy uitdrukking aan tipiese piëtistiese geneigdhedes en gevoelvolle godsdienstige sentimente wat haar tot 'n verskeidenheid literêre uitings inspireer.<sup>43</sup> Soms stel sy haar meditasies oor 'n Bybelteks op rym of gee 'n sterfgeval, die vertrek van vriende, 'n aardbewing of moorde aanleiding tot haar digterlike aktiwiteit. Haar gedigte weerspieël 'n begaafde persoonlikheid, toegewyde godsvrug en opvallende mistiek-bevindelike sentimente gepaard met asketiese vroomheid. 'n Christosentriese ego-fokus bring haar tot nadenke oor die vroeë dood van twee van haar kinders: "Gedigt op de onteydige dog verhoopende Gotzalig doot van mijn twee jong gebooren kinderkes den eersten ent jaer 1773 den 20 deetzember den tweeden ent jaar 1776 den 6 Mij en den 14 Mij ontslapen."<sup>44</sup> In Kruger se egoteks is 'n opvallende afwesigheid van alledaagse lewenservarings, familie-aangeleenthede en publieke betrokkenhede. Haar ego-fokus is suiwer subjektief, stigtelik en bevindelik van aard.

Soortgelyke piëtistiese ego-beskrywings kom by die pioniersvrou Dorothea Magdalena Goosen (gebore 1774) voor. Benewens kort biografiese aantekeninge, wy sy haar skryfwerk hoofsaaklik aan godsdienstige belewenisse, gevoelsmatige uitdrukkings van God se voorsienigheid en die toegewyde lees van die Bybel.<sup>45</sup>

Die Voortrekkervrou Susanna Smit se godsdienstige dagboeke, waarvan oorwegend dié tussen die jare 1843 en 1863 behoue gebly het, handel hoofsaaklik oor haar godsdienstige introspeksie, asketiese godsdienstigheid, ekstatische geloofsbelewenisse met enkele aantekeninge oor familie-, huweliks- en gemeenskapsake in Pietermaritzburg. Laasgenoemde is egter die uitsondering. Hoewel reeds teen die middel van die negentiende eeu is die inslag van haar ego-beskrywings bykans uitsluitlik piëtisties en mistiek van aard.<sup>46</sup>

43 A Raath privaatversameling (ARPV), HC Kruger, ongepubliseerde handgeskrewe oordenkingsbundel (ca 1750-1810) (kopie), hierna aangehaal as HC Kruger, "Oordenkingsbundel".

44 HC Kruger, "Oordenkingsbundel", lied 23, vers 15.

45 ARPV, DM Goosen, ongepubliseerde handgeskrewe oordenkingsbundel (kopie), ca 1835. Hierna aangehaal as Goosen, "Oordenkingsbundel"; JC Pretorius, "Die Afrikanervrou as kultuurdraer..." (D.Phil, UP, 1977), p. 290.

46 ARPV, ongepubliseerde handgeskrewe geestelike dagboek (ca 1843-1863) (kopie), hierna aangehaal as "Geestelike dagboek".

Teen die einde van die agttiende eeu vang die stedelike vrou Johanna Duminy (gebore 1777) die daaglikse wel en wee in die Kaapse buitelandse distrikte in haar aantekeninge vas. Die piëtistiese geneigdheid tot introspeksie, sondebewustheid en geloofsbelewings ontbreek grootliks in haar dagboeke. Ten spyte van haar Duitse afstamming aan vaderskant en haar Hugenote-verbintenis aan moederskant vertoon haar dagboek-inskrywings oorwegend sekulêre beskrywings van Kaapse vandsies, probleme met diere en kuiers by bure.<sup>47</sup>

Die dagboeke en liedeboeke van Kaapse vroue vóór 1806 gee blyke van die tipiese piëtistiese inslag van ego-literatuur in die agttiende eeu aan die Kaap en op die Kaapse voorposte. Gedra deur 'n tipiese pionier-etos van fisieke en geestelike druk, 'n afgesonderde bestaan op die voorposte en marginalisering van die pioniers in die binneland op kerklike en godsdienstige terrein, sou die kleinburgerlike inslag van egotekste ook in dié tyd aan die Kaap geïdentifiseer kan word. Die heersende piëtistiese kleinburgerlikheid het oorwegend langer aan die Kaapse voorposte en onder binnelandse pioniers voortgeduur vanweë die afgesonderde bestaan van die voorpos-pioniers, die gebrek aan 'n aktiewe kerklike en burgerlike betrokkenheid en literatuur wat hoofsaaklik tot Duitse piëtistiese werke en preek- en liederebundels van Nadere Reformasie-outeurs beperk was. Bygevolg kom tekste met grootburgerlike geneigdheid in die vorm van outobiografieë gefokus op avontuurlike lewenservarings, familie-kronieke en lewensrelasie deurspek met of bykomstig tot piëtistiese oordenkingswerke tot ná die middel van die negentiende eeu onder binnelandse pioniers voor.

## **Die piëtistiese inslag van twee weergawes van Anna Steenkamp se “Joernaal” uit die Transoranje**

### ***Anna Steenkamp: 'n Genealogiese kontekstualisering***

Anna Elizabeth Steenkamp was die oudste dogter van Francois Retief (1773-1838),<sup>48</sup> 'n ouer broer van Piet Retief, die bekende Voortrekkerleier.<sup>49</sup> Francois Retief en sy familie het 'n ontberingsvolle bestaan voorafgaande en tydens die Groot Trek moes deurmaak. Hy sterf ongeveer 1838 in Natal. Sy dogter Anna se beskrywings oor hul trek na Natal, die druk wat die Voortrekkerpioniers

<sup>47</sup> JC Pretorius, “Die Afrikanervrou as kultuurdraer...” (D.Phil, UP, 1977), p. 288.

<sup>48</sup> VPAB, Genealogiese verwysing: b4c7d1.

<sup>49</sup> GISA, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters, dl. 9 (Ra-Ron)* (Stellenbosch, Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, 2003), p. 366.

daar moes deurmaak en kinderlike geloofsvertroue wat spontaan uit haar beskrywings spreek, dui op die piëtistiese sentimente wat onder Francois Retief en sy gesingslede geheers het. Voorts het Francois Retief en sy aanverwante sterk bande met die bakermat van gereformeerde piëtisme aan die Kaap gehad. Soos ander familie-groepe wat uit die omstreke van Wagenmakersvallei (later Wellington) afkomstig was, was 'n sterk kultuur van gereformeerde piëtisme in hul geleedere teenwoordig. Die nagelate godsdienstige egoteks van Francois Retief weerspieël die tipiese mistieke verenigingsmistiek van voorpos-pioniers van die tyd. Van 'n gedig wat bedoel was om gesing te word op die melodie van “Ziele zúgt om voor Jesus te leeven; Stem: Op mijn Ziel, of: Ach! Was soll ich; of: Als een uitgestorte balsem”, lui vers 2:

Jesú, toon mij úw genade  
Neem mij in uw liefde schoot,  
Als bevrijd van alle nood!  
Ban en drijft ook al het quade  
Uit mijn hert, dat ik mij, Heer,  
Schikke gansch tot úwer Eer.

Soos ander godsdienstige egotekste uit dieselfde tydperk, vertoon Francois Retief se handgeskrewe teks prominente elemente van gereformeerde piëtisme: tekens van bruidsmistieke sentimente, die bevindelike geloofsweg van die gelowiges op aarde, die spanningsveld tussen hemel en hel en aanduidings van ekstatische geloofsbelewing by die gelowige se vereniging met God.<sup>50</sup>

Francois en sy familie het ook noue bande met ander gelykgesinde piëtisties-geneigde families van Wagenmakersvallei – die dampkring van piëtistiese sentimente wat deur HR van Lier (1764-1793) en MC Vos (1759-1825) opgewek is – gehad.<sup>51</sup> Onder dié ingesetenes was sterk piëtisties gesinde families: Hauptfleisch, Le Roux en Malherbe. Dié piëtistiese familiekulture is versterk deur vestiging in dieselfde omstreke en huwelike wat onderling gesluit is. Petrus Jacobus Hauptfleisch (gedoop 1774)<sup>52</sup> trou in 1799 met Hester Malherbe en hertrou in 1804 met Helena Susanna le Roux (1783-

50 Luidens 'n inskripsie agter in die bundel is dit na sy dood bemaak aan sy dogter Debora Johanna Retief.

51 Vir Van Lier en Vos se piëtisme kyk SP Engelbrecht, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu* (Kaapstad, HAUM, 1950), pp. 88, 90, 92-97. Oor lg. se gevoelsprediking teken Engelbrecht uit 'n tydgenootlike bron aan: “Onder de Godsdienstoefening was de aandoening dikwijls zoo sterk, dat hij, in het het spreken, daardoor eenigszins belemmerd warden in't gemoed verslagen, en liepen de Leraar na, om raad en bestier, in het groote werk hunner zaligheid” (*Die Kaapse predikante...*, p. 95). Vgl. ook K Schoeman, *Dogter van Sion...*, pp. 322-323; HDA du Toit, “Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika” (D.Div, UP, 1947), pp. 155-210; JP Claasen, “Die Kaapse Kerk in oorgangstyd 1780-1824” (D.Lit et Phil, Unisa, 1986), pp. 420-426.

52 VPAB, Genealogiese verwysing: b2c5.

1861). Petrus se jonger broer was Dawid Carl (gedoop 1777)<sup>53</sup> wat in 1800 met Martha Elizabeth Retief (gedoop 1783) getroud is. 'n Ander broer van Petrus was Gabriel Andries (gebore 1801), getroud in 1799 met Johanna Alida Burger, wie se oudste dogter<sup>54</sup> in 1801 in die Paarl met Gideon Retief (gebore 1795) in die huwelik bevestig is.

Helena Johanna le Roux trou in 1804 met Petrus Jacobus Hauptfleisch en woon op die plaas Optenhorst in die omstreke van Wagenmakersvallei. Haar broer Daniël Jacobus le Roux (gedoop 1781), 'n dissipel van Van Lier, speel 'n belangrike rol in die piëtistiese kringe van Wagenmakersvallei.<sup>55</sup> Helena Hauptfleisch laat verskeie godsdienstig-piëtistiese ego-beskrywings na – meestal in die vorm van lang gedigte.<sup>56</sup> In een van hierdie ongepubliseerde gedigte met die titel “Een Liet op het afsterven van Hester Malherbe huisvrouw van PJs Hauptfleisch overleden den 1 January 1804. Stem o vader ...”, bepeins sy die kortstondigheid van die aardse lewe (vers 1):

Het is al weer een nuwe jaar  
Die God de Heer komt geven  
Maar o wy worden tans gewaar  
Hoe kort dat is ons leven  
Op heden is een jonge spruit  
Van vyf en twintig jaaren  
Ter dood gegaan haar tyd is uit  
Wel nu haar derde baren.

En vers 5:

Zy is van hier na d' Eeuwigheid  
Aldus vertrokken henen  
Hoe kort is dog des menschen tyd  
Wel haast is zy verdewenen  
Wy brengen onze jaren door  
  
Als een gedagt op aarde  
Wel haast is ons die lot beschooren  
Hoewel God ons nog spaarden.

Anna Steenkamp sou in haar jeug in die breë konteks van piëtistiese godsdienstkultuur van familieleden, vriende en haar ouerhuis opgroei en soortgelyke sentimente in haar godsdienstige mentaliteitsprofiel absorbeer.

53 VPAB, Genealogiese verwysing: b2c6.

54 VPAB, Genealogiese verwysing: b2c6d1.

55 K Schoeman, *Dogter van Sion...*, pp. 320, 321, 322-323.

56 ARPV, ongepubliseerde handgeskrewe, ongepagineerde, oordenkingsbundel (ca 1820) (kopie), hierna aangehaal as Hauptfleisch “Oordenkingsbundel”. K Schoeman, *Dogter van Sion...*, p. 322, beskryf haar sielestaat as 'n angsvallige optekening van gemoedstoestande en boekhouding van skuldgevoelens en genadelike berou oor die sieleheil van haar slawe.



Haar godsdienstige toewyding is opvallend. Die aand vóór haar en haar gesin se vertrek van die plaas Kareelaagte in die distrik Graaff-Reinet, het sy na bewering die Statenbybel geneem, daaruit voorgelees en so afskeid van die plaas geneem. In 'n kort lewenskets word daarvan melding gemaak dat sy 'n "godvresende vrou" was, dat haar liefliedslied gesang 7 was, en dat sy 'n liefde vir "Lutherse gesangetjies" had, waarvan sy veral die volgende gesing het:<sup>57</sup>

Wijk wereldds-gewemel,  
Ik moet naar den hemel;  
Verhindert mij niet.  
Weg zonden, zwijg lusten,  
Ik wil hier niet rusten  
In 's vijands gebied.

Anna is in 1812 getroud met Johannes Dewald Hattingh te Graaff-Reinet. Laasgenoemde sterf in 1838 aan "buijkwater" aan die Boesmansrivier in Natal.<sup>58</sup> Dieselfde jaar hertrou Anna met Thomas Ignatius Steenkamp ('nwewenaar) (gedoop 1791).<sup>59</sup> Hy was 'n lid van Andries Hendrik Potgieter se trekgeselskap. Steenkamp was uit die wyk Tarka, distrik Cradock, afkomstig en sy eerste vrou, Clara Isabella Potgieter, was 'n suster van die Voortrekkerleier wat bekend was om sy behoudende "Dopper"-piëtisme.<sup>60</sup> Na 'n ontberingsvolle verblyf in Natal trek Anna en haar tweede man na die plaas Groenvlei, distrik Lindley, die eiendom van haar seun Christiaan Hattingh.<sup>61</sup> Op 22 Julie 1865, tydens die Tweede Vrystaat-Basotho-oorlog (1865-1866) sterf haar eggenoot aan die hand van 'n Basotho-impi op dié plaas.<sup>62</sup>

## **Die egobeskrywings van Steenkamp in historiese konteks**

Anna Steenkamp se beskrywing van die redes vir die Groot Trek en die lotgevalle van haar, haar gesin en ander familieverwante, is van die weinige vroulike tekste wat na aanleiding van die Voortrekkers se ontberings die lig gesien het. Bygevolg beklee die teks van haar beskrywings met die titel "Gedink Schrift of een Joornaal Van onse uijt togt uijt onse moeders lant tot hier aan

57 'n Paar Saamwerkers (Die Saamwerk Unie), *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek* (Pietermaritzburg, Die Natalse Pers (Edm) Bepk, 1939), p. 7.

58 B Cilliers, *Genealogieë van die Afrikanerfamilies in Natal* (Pietermaritzburg, Die Outeur, 1985), p. 495; ARPV, ongepubliseerde handgeskrewe geslagsregister deur Anna Steenkamp (1867) (kopie).

59 Genealogiese verwysing: b7c2d3.

60 JH Steenkamp, *Die Steenkamps van Suidelike Afrika* (Pretoria, vir die outeur, 1969), p. 4.

61 'n Paar Saamwerkers, *Die dagboek van Anna Steenkamp...*, p. 7.

62 GISA, *Geslagsregisters... dl 9*, p. 366.

port natal”,<sup>63</sup> ’n prominente posisie in die genre van Voortrekkerliteratuur. Na aanleiding van die, vir die Voortrekkers, ontnugterende Britse besetting van Natal in 1843, stel sy haar “Joernaal” saam as herinnering aan haar kinders en naverwante van die ontberings wat die Trekkers moes deurmaak.<sup>64</sup>

Synde ’n familie-kroniek en relaas van ’n deel van die avontuurlike lewensloop van die outeur, is die oorspronklike van tyd tot tyd vir familieleden en belangstellendes oorgeskryf. Derhalwe is dit moeilik om te bepaal welke teks die oorspronklike van die “Joernaal” is. ’n Gebinde teks van die “Joernaal” te vind in die Potchefstroom Museum is waarskynlik die oudste bestaande weergawe.<sup>65</sup> Dit is in die handskrif van Anna Steenkamp geskryf, en skyn die presiese Nederlandse weergawe van latere “verbeterde” teks-publikasies te wees. Dit bevat ook ’n bylaag van godsdienstige verse en liedere wat op rym geskryf en waarskynlik op die melodieë van gewilde Psalms, piëtistiese liedere en ander populêre godsdienstige gesange gesing is. Dié teks is waarskynlik op ’n vroeë stadium ná die aankoms van Anna Steenkamp en haar tweede man in die Oranje-Vrystaat saamgestel. Volgens alle aanduidings het die afskrif van die “Joernaal” en die bylaes in die pionierstyd van die Oranje-Vrystaat na ene Carel Stefanus Jacobus van der Merwe (gebore 1822),<sup>66</sup> oorgegaan.<sup>67</sup> Volgens ’n inskripsie in die bylaes het hy van die liedere in 1843 afgeskryf. Hy het in 1848 getrou met Susanna Josina Schütte (gebore 1829).<sup>68</sup> Van hul nasate en / of naverwante vestig later in die omgewing van Potchefstroom en het waarskynlik die afskrif van die “Joernaal” na dié omstreke geneem.

Met die Vrystaat-Basotho-oorlog van 1865 en die meegaande trauma van die dood van haar eggenoot en ander ontberings nog vars in haar geheue, maak Anna Steenkamp in 1873 ’n afskrif van die “Joernaal” gebaseer op die oorspronklike teks. Dié teks is nie ’n verbatim-weergawe van die Potchefstroom Museum-weergawe nie. Inhoudelik verskil dit van dié en ander weergawes vir sover dit ’n kort historiese byvoeging van die lotgevalle van Natalse Voortrekkerpioniers ná die Britse besetting tot by die afloop van die oorlog van 1865 in die Oranje-Vrystaat bevat. Aan die einde van die teks verskyn

---

63 AWG Raath privaatsameling (ARPV), handgeskrewe ongepubliseerde teks van die “Joernaal” deur Anna Steenkamp (1873) (kopie).

64 ARPV, “Joernaal” (1873).

65 Potchefstroom Museum-versameling (PMV), handgeskrewe ongepubliseerde teks van AE Steenkamp se “Joernaal” (ca 1843). Aangehaal as PMV, “Joernaal”(ca 1843).

66 VPAB, Genealogiese verwysing: b2c9d12e5f1.

67 Hy is gebore te Tulbagh, later woonagtig te Voor-Sneeuberg, Graaff-Reinet; trek saam met Gert Maritz in 1836 uit die Kaapkolonie. JC Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2011), p. 513.

68 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal”(ca 1843), pp. 32, 87.

die volgende inskripsie deur die outeur: “Door mijn gemaak en weder over geschreven voor meJuffrouw tron. Sterkfontein den 5 April 1873.”<sup>69</sup> Volgens alle aanduidings het dié teks as basis gedien vir die afskrif van die “Joernaal” wat deur Anna Steenkamp ongeveer 1876 vir haar seun Christiaan Hattingh gemaak is. Laasgenoemde teks is in 1939 in vertaalde vorm onder die titel *Die dagboek van Anna Steenkamp* gepubliseer.<sup>70</sup>

Die “Joernaal” het in die loop van die negentiende en twintigste eeu talle kere in druk verskyn – soms as enkele teks andersins in versamelwerke opgeneem. Slegs die uitgawe wat vir doeleindes van hierdie navorsing van belang is, geniet vervolgens aandag. Die eerste publikasie van die “Joernaal” verskyn in 1860 in *Elpis*,<sup>71</sup> volgens ’n afskrif op versoek van S Hofmeyr gemaak en waarvan die oorspronklike taal “verbeter” is. Die teks van die “Joernaal” is in 1876 in die *Cape Monthly Magazine* (September-uitgawe) gepubliseer.<sup>72</sup> Die 1876-teks is in J Bird, *The Annals of Natal, 1495 to 1845*, onder die titel: “Record or journal of our migration from our mother country to Port Natal” opgeneem.<sup>73</sup> In 1877 verskyn die teks van die “Joernaal” in *Die Patriot*, waarskynlik ook ’n “taalverbeterde” weergawe van die oorspronklike manuskrip wat Anna Steenkamp na bewering in 1843 in Pietermaritzburg opgeskryf het.<sup>74</sup> Ongeveer twee jaar later verskyn die “Joernaal” in *The Orange Free State Monthly Magazine*.<sup>75</sup> In 1892 verskyn die “Joernaal” onder die titel “Gedenkschrift of Journaal van onzen Uittocht uit ons Moederland, tot aan Port Natal”, in die nuusblad *Land en Volk*.<sup>76</sup> ’n Deel van die “Joernaal” is in 1896 opgeneem in die dagblad *De Volksstem*.<sup>77</sup> *De Volksstem* publiseer in 1899

69 ARPV, AE Steenkamp, “Joernaal”, (1873).

70 ’n Paar Saamwerkers, *Die dagboek van Anna Steenkamp*. Na hierdie teks word vervolgens verwys as: “Joernaal”: Saamwerk Unie-weergawe (1939). Volgens ’n kort inleiding tot dié weergawe van die “Joernaal” was die oorspronklike teks, volgens FR Davel (’n kleinseun van Anna Steenkamp), bedoel vir sy moeder – die oudste dogter van Anna Steenkamp. Sy het in Graaff-Reinet agtergebly. Ene Cornelis Bodenstien het na bewering die teks verlore laat gaan (pp. 8-9).

71 AE Steenkamp, *Elpis*, pp. 135-149.

72 E Conradie, *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika dl. I (1652-1875)* (Pretoria, JH de Bussy, 1934), pp. 214, 216.

73 J Bird, *The Annals of Natal, 1495-1845 dl. I* (Kaapstad, T Maskew Miller, 1885), pp. 459-468. Hierdie teks word aangehaal as “Joernaal”: Bird-weergawe (1876).

74 Dié weergawe van die “Joernaal” het op 5 Januarie 1877 in *Die Patriot* verskyn. Luidens ’n inskripsie deur JD Weideman, ’n direkte afstammeling van Anna Steenkamp, in ’n eksemplaar van dié uitgawe in ARPV, AE Steenkamp, “Joernaal van ’n Voortrekker. Gedenkskrif of Joernaal van ons uittog uit ons moederland tot hier aan Port Natal” (Bloemfontein, Sentrale Pers, s.a. (ca 1970). Navraag na die beweerde oorspronklike teks in die Voortrekkermuseum te Pietermaritzburg het niks opgelewer nie. Voorts verskyn geen verwysings na die “Joernaal” in die inventaris van dokumente van dié museum nie. Vir doeleindes van hierdie navorsing word aanvaar dat die weergawe van die “Joernaal”: PMV (ca 1843), die oudste bestaande weergawe – moontlik selfs die oorspronklike – van dié geskrif is.

75 Dl. II (1 November 1878-31 Oktober 1879), pp. 883-890.

76 ’n Uitgawe deur Van Zijl & Co. Waarskynlik ’n geredigeerde weergawe van die oorspronklike.

77 Uitgawe van 28-29 Desember en die 30ste as byvoegsel tot die halfweeklikse uitgawe van dieselfde blad as “Herinneringen”.

'n weergawe van die “Joernaal” as brosjure: “Uit Dagen van Strijd”. Dié teks is deur Gustav Preller opgeneem in *Voortrektermense II* (1920).<sup>78</sup> 'n Geredigeerde herdruk van die vroeër genoemde *Die Patriot*-weergawe het in die laat sestiger of vroeë sewentiger jare van die twintigste eeu in 'n ongedateerde heruitgawe verskyn.<sup>79</sup> Behalwe vir “taalverbeterings” stem die inhoud daarvan bykans volledig met ander weergawes van die “Joernaal” ooreen.

### ***Piëtistiese elemente in die weergawes van “Joernaal”***

Die onderskeie weergawes van Anna Steenkamp se “Joernaal” is, soos reeds vroeër opgemerk, 'n relaas van ego-ervarings wat in die genre van familie-kronieke en avontuurlike lewensverhale tuishoort. Tog bevat die teks heelwat godsdienstige opmerkings en toespelings wat op 'n identifiseerbare piëtistiese ego-profiel dui.

Volgens Anna Steenkamp was een van die redes vir die Voortrekkers se verhuising uit die Kaapkolonie, die begeerte om hul godsdienstige leer suiwer te hou.<sup>80</sup> Voorts maak sy van verskeie geloofsaspekte melding: Die voorsienigheid van God bewaar hulle van groot gevare en nadat die Trekkers die Oranjerivier oorsteek hou hulle 'n dankstond vir die uitredding wat hul te beurt geval het.<sup>81</sup> By geboorte van haar jongste kind op 25 Augustus 1837 ondervind sy die waarheid van die Woord van die Here dat wanneer die nood op sy hoogste is, dan is God op sy naaste.<sup>82</sup> Nadat hul trekgeselskap dié van haar vader Francois ontmoet het, hou hul elke aand en Sondae godsdiensoefeninge – 'n instelling wat hul reis deur die onbekende streke leefbaar gemaak het.<sup>83</sup> Ná die Zoeloe-aanvalle op Trekkerfamilies op 10 Augustus 1838, betuig sy haar geloof dat die Here die Trekkers versterk en hul aanvallers verswak het.<sup>84</sup> Vervolgens dank sy God dat hy die Trekkers gespaar het. Oor die onverwagse

---

78 GS Preller, *Voortrektermense II. 'n Drietal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek* (Kaapstad, De Nationale Pers Bepertk, 1920), pp. 27-48. Verwysings na hierdie teks is na “Joernaal”: Preller-tekse (1920).

79 Waarskynlik op inisiatief van nasate van Anna Steenkamp.

80 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 3; Bird-weergawe (1876), p. 459; Preller-tekse (1920), pp. 31-32; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 10; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 1.

81 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 8; ARPV (1873), p. 3; Bird-weergawe (1876), p. 460; Preller-tekse (1920), p. 32; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 10; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 2.

82 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 8; ARPV (1873), p. 3; Bird-weergawe (1876), p. 461; Preller-tekse (1920), p. 34; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 12; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 3.

84 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 10; ARPV (1873), p. 5; Bird-weergawe (1876), p. 462; Preller-tekse (1920), p. 35; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 14; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 3.

84 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 21; ARPV (1873), p. 11; Bird-weergawe (1876), p. 462; Preller-tekse (1920), p. 6; Saamwerk Unie-weergawe (1939), pp. 19-20; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 6.

dood van haar seun tydens 'n donderstorm op 23 Januarie 1839 teken sy aan dat die hand van die Here tref volgens Gods welbehae.<sup>85</sup> 'n Groot brand in die Trekkerlaers op 28 Augustus 1839 wek by haar gedagtes van die dag van die Here wat sal kom soos 'n dief in die nag en die vernietiging van die wêreld (2 Petrus 3:10). Haar eie man is deur die brand beseer maar hy het deur Gods goedheid herstel.<sup>86</sup> Deur die beskikking van God vestig die Trekkers in Natal, red hul uit allerlei benoudhede en spaar hulle van die Britse grofgeskut (tydens die militêre botsings voorafgaande aan die Britse besetting).<sup>87</sup> Die dood van geliefdes maak haar soms moedeloos, maar desnieteenstaande dank sy die Vader wat haar krag skenk om die laste haar opgelê te dra en haar pligte uit te voer.<sup>88</sup> Die feit dat die burgeroorlog van 1857 sonder bloedvergieting in die Vrystaat afgeloop het, skryf sy toe aan die genadige ingreep van God, "daar om moet wy geloven dat de heer een hoorder der gebede is" en voeg by "maar de heer heef het voor sien dat er vrede sonder bloet gemaak is".<sup>89</sup>

Benewens hierdie godsdienstige aantekeninge wat die persoonlike godsdienstige belewenisse van die outeur weerspieël, bestaan die res van die teks uit beskrywings van stryd om oorlewing, brande en ander rampe wat die Trekgeselskappe in die Transoranje moes trotseer, dood van geliefdes en voortdurende stryd teen inheemse bevolkings en familie-aangeleenthede. Die "Joernaal" sou bygevolg beskryf kon word as 'n egoteks bestaande uit 'n familie-kroniek, die avontuurlike beskrywing van 'n gelowige vrou op trek beskou deur die bril van 'n piëtistiese gelowige. Dit werp ook lig op omstandighede in die Transoranje. Anders as tradisionele volbloed piëtistiese egotekste van die subjektiewe mistieke belewenisse van gelowiges uit 'n vroeër tydperk van ego-beskrywings, bevat Anna Steenkamp se "Joernaal" reeds aanduibare tekens van die geleidelike oorgang vanaf die tradisionele piëtistiese egotekskultuur na meer sekulêr-geïnspireerde pionierstekste – soortgelyke literêre tendense as by die oorgang van die kleinburgerlike ego-bewussyn na 'n konteks van grootburgerlike ego-kultuur. Dus verskuif die fokus vanaf die persoonlike geloofsbelydenis van die outeur na die ontberingsvolle pionierslewe, met spesiale verwysing na die Transoranje.

85 ARPV, AE Steenkamp, "Joernaal" (1843), p. 13; Bird-weergawe (1876), p. 466; Preller-tekste (1920), p. 44; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 20; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), pp. 7-8.

86 ARPV, AE Steenkamp, "Joernaal" (1873), pp. 13-14; Bird-weergawe (1876), p. 466; Preller-tekste (1920), p. 45; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 22; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 8.

87 PMV, AE Steenkamp, "Joernaal" (ca 1843), p. 31; ARPV (1873), p. 17; Bird-weergawe (1876), p. 468; Preller-tekste (1920), p. 47; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 24.

88 ARPV, AE Steenkamp, "Joernaal" (1873), p. 16; Bird-weergawe (1876), p. 468; Preller-tekste (1920), p. 47; *Die Patriot*-heruitgawe (ca 1970), p. 9.

89 ARPV, AE Steenkamp, "Joernaal" (1873), p. 18; Saamwerk Unie-weergawe (1939), p. 26.

### ***’n Vroeë Vrystaatse weergawe van “Joernaal” en piëtisme***

Die handgeskrewe bylaes tot die teks van die “Joernaal” in die Potchefstroom Museum beslaan vier-en-vyftig bladsye liedere en gedigte met ’n eksplisiet godsdienstige inslag. Piëtistiese uitdrukkingswyses, die outeur se belydenis van sonde, pleidooie om vergifnis, Christus se liefde en sterwe aan die Kruis en tropologiese Hoogliedmetafore wat uitdrukking gee aan die outeur se bruismistieke sentimente, vorm die belangrikste temas van dié bylaes. Veral verse en rymwerk wat ’n diepe sondebefes weerspieël, Christus se verlossende liefde besing, Jesus se sterwe aan die Kruis roem en vroom gemoedsingesteldhede verraai, beslaan die grootste deel van die bylaes. Die meeste van hierdie liedere en digwerk is waarskynlik oorgeneem uit soortgelyke piëtistiese oordenkingsbundels van ander gelowiges – sommige daarvan etlike dekades vroeër neergepen. Die gedig “O mijn trouwe God en Vader ...”<sup>90</sup> kom byvoorbeeld ook voor in die egoteks van die pioniersvrou Beatrix Nel (gebore ca 1820).<sup>91</sup> Die populêre lied “De helder dag breek aan; het is tijd om op te staan ...”<sup>92</sup> is ook opgeteken in die genoemde bundel van Beatrix Nel, Hendriena Cecilia Kruger se oordenkingsbundel (einde van die agttiende eeu) en ’n stigtelike oordenkingsboekie van die Van der Walt-familie (watermerk 1797) uit die omstreke van Colesberg.<sup>93</sup>

Anna Steenkamp se oordenkingstof sluit ook tipiese bruidsmistieke aantekeninge in. Die aanvangslied in die bylaes beskryf in tropologiese Hoogliedmetafore Christus se liefde vir die gelowige as bruid (vers 1):

Staet op mijn bruijd die ik beminne  
Staet op mijn schoone mijn vriendinne  
En kom met blijchap dienen mij  
Want siet de wenter is voorbij (vers 1).

Tipiese Bybelse simbole – hoofsaaklik aan Hooglied ontleen – kom in die daaropvolgende verse voor. Die gelowige siel word aangespreek as ’n duif, ’n wynstok en ’n betraande gelaat:

Om uw geloof en waere boete  
Is uwe stemme mij seer soete

90 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 41.

91 Vegkop Museumversameling (VMV), ongepubliseerde handgeskrewe oordenkingsbundel (ca 1835) (hierna aangehaal as VMV, B Nel, “Oordenkingsbundel” (ca 1835). Sy is moontlik Beatrix Helena Geertruida Nel, gebore 12 Maart 1816, gedoop Paarl 22 Augustus 1817, genealogiese verwysing: b2c2d4e2f1; getroud te Somerset-Oos op 5 Augustus 1832 met Philippus Jacobus du Preez.

92 PMV, AE Steenkamp, “Joernaal” (ca 1843), p. 52.

93 ARPV, Van der Walt-familie, ongepubliseerde handgeskrewe oordenkingsbundel (watermerk 1797), hierna aangehaal as Van der Walt, “Oordenkingsbundel” (1797).



En lieflijk is mij uw gedaent  
Hoewel sij is soo nat betraent (vers 6).

In 'n rymgebed uit die outeur die versugting dat God by haar/sy afsterwe die gelowige siel na die hiernamaals sal begelei:

O Mijn trouwe God en Vader  
Als mijn sterven nude  
Licht uw aenzicht over mij  
Neem mijn ziel dan in uw handen  
Datze mag met vreugt aenlanden  
Van haer moeilijke strant (vers 1).

'n Verhalende gedig oor die aardbewing van 4 Desember 1809 wat Kaapstad en omstreke getref het en selfs tot in die binneland gevoel is, bevat 'n oproep tot bekering voordat dit vir ewig te laat is. In piëtistiese kringe is dié gebeurtenis beskou as 'n vingerwysing van God aan wêreldlinge om hul te bekeer. Dieselfde lied verskyn ook in die oordenkingsbundel van Hendrina Cecilia Kruger van bykans veertig jaar vroeër. Die slotgedeelte van die lied bevat 'n ernstige oproep tot besinning en bekering:

O lant genote volgt mijn raat  
Bekeert u eer het is te laat  
Keert weder o afkerig volk  
Op dat de heer donker wolk  
Door smeeke gebeen dog weer opklaar  
En onze vreeze is bedaar (vers 7).

'n Lofgedig op die weldade van God bevat duidelike spore van lofpsalms met bykans identiese woorde:

Loof den Heere mijne ziele  
Een wat in mij is te zaem  
Alles zijnen heiligen naem  
Looft den Heere mijne ziele  
Ende en wilt vergeten niet  
Van al zijn weldaden niet  
Van al zijn weldaden niet (vers 9).

## **Gevolgtrekking**

Teen die middel van die negentiende eeu weerspieël Voortrekkerpioniers aan die grense van die binneland godsdienstige literatuurstyl wat reeds in die kringe van Duitse godsdienstliteratuur en piëtisme aan die Kaap en aan die grense van die binneland aan die taan was. In die tweede helfte van die agttiende

eeu staan Duitse en Nederlandse ego-beskrywings steeds in 'n dampkring van subjektiewe piëtistiese introspeksie, mistieke selfrefleksie en 'n pionieretos van meditasie, asketiese geneigdheid en ekstatische geloofsbelewensisse. By die aanvang van die negentiende eeu vind 'n wending na meer sekulêre lewensbeskrywings, familie-kronieke en avontuurlike reiservarings plaas. Geleidelik sou hierdie tendense ook die gereformeerde piëtisme as dominante literêre godsdienststyl verdring. Die godsdienstige elemente van Anna Elizabeth Steenkamp se “Joernaal” vertoon reeds aspekte van godsdienstige oortuigings wat deur persoonlike avontuurlike belewensisse en familie-kronieke op die agtergrond gedring is. Hoewel deurspek met piëtistiese godsdienstige kommentaar en vroom eerbied vir die voorsienigheid en beskikking van God, weerspieël haar “Joernaal” reeds die gangbare geneigdheid tot familie-kronieke en avontuurlike belewensisse (onder meer in die Transoranje) – tendense wat reeds in Duitse piëtistiese kringe aan die orde van die dag was. In haar geval staan beide aspekte in die lig van God se albeskikkende genadewerk in die ontberingsvolle pioniersbestaan in die binneland.

Die godsdienstige oordenkingsbylae tot die “Joernaal” gryp egter terug op die tipiese piëtistiese godsdienstliteratuur van die Nadere Reformasie van bykans 'n halwe eeu tevore. Die versamelde digwerk, liedere en verhalende rymelary staan voluit in die agttiende eeuse Nederlands-piëtistiese kultuur van Christosentriese bruidsmistiek, tropologiese Hooglied-metafore en bekeringsoproepe. Dié oordenkingsmateriaal was vir Anna Steenkamp egte gevoelvolle uitdrukkings van haar godsdienstige ego-ingesteldheid. Soos talle ander pioniersvroue het hierdie godsdienstige rymwerk en liedere aan die grense van die binneland troos en bemoediging gebied onder omstandighede wat minstens as beproewend beskryf sou kan word. Die godsdienstige oordenkingstof in die bylaes van 'n vroeë Vrystaatse weergawe van haar “Joernaal” openbaar die tipiese kleinburgerlike godsdienstkultuur wat waarskynlik die dominante godsdienstige styl en kultuur onder die trekboer-pioniers en die Voortrekkers tydens die Groot Trek was, en dus ook van diegene wat hul in die Transoranje gaan vestig het. Die ervaring van 'n gemeenskaplike lotsverbondenheid, 'n groepsolidariteit en gemeenskaplike doelwitte om te oorleef, was die eerste stappe onderweg na die skepping van 'n grootburgerlike bewussyn van gemeenskaplike nasionale strewes en oogmerke wat die subjektiewe godsdienstbelewenis van die piëtistiese godsdienstkultuur verdring het. Dié godsdienstige transformasie ondersteun Van Jaarsveld se waarnemings dat die Vrystaat die eerste geografiese gebied was om die “tekens van 'n nasionale selfbewuswording te vertoon”, maar dat dit aanvanklik

betrekking sou hê op “’n Vrystaatse volksgevoel en ‘vaderlandsliefde’”. Hy voeg by: “Daarmee het die belangstelling in die geskiedenis herleef” en “is die selfbewussyn gestimuleer en die verlede ontdek”.<sup>94</sup> Elders beskryf dieselfde outeur dié opkoms van ’n grootburgerlike bewussyn onder binnelandse pioniers as synde ’n ontwikkelende “national consciousness of the Free State Afrikaners”, ’n tendens wat, voeg hy by, “made them a community with a single destiny” en “(i)t also stimulated the consciousness of nationality”<sup>95</sup> – blyke van die mate waartoe die introspektiewe egotekskultuur van die sewentiende en agttiende-eeuse piëtisme reeds versekulariseer en deur die fokus op eksterne belewenisse getransendeer is.

---

<sup>94</sup> FA van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy geskiedenis* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, Bpk., 1959), p. 82.

<sup>95</sup> FA van Jaarsveld, *The awakening of Afrikaner nationalism* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1961), p. 183.